

**Skriflesing:** Openbaring 3: 14-22Teks: **Openbaring 3: 14b-16**Sing: **VOORAF SANG – Ps. 36:2****TYDENS EREDIENS – Ps. 148:1; Ps. 119:6; Ps. 33:7,10; Sb.15-8 (44):3,4,5****Openbaring 3: 14-22**

Rev 3:14 Skrywe aan die leraar van die gemeente in Laodisea: **So sê die Amen, die geloofwaardige en ware getuie, Hy deur wie God alles geskep het:**

Rev 3:15 **Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle nie koud is nie, en ook nie warm nie. As julle tog maar koud of warm was!**

Rev 3:16 **Maar nou, omdat julle lou is, nie warm nie en ook nie koud nie, gaan Ek julle uit my mond uitspoeg.**

Rev 3:17 Julle sê: "Ons is ryk, skatryk, en ons het niks meer nodig nie," en julle weet nie dat julle ellendig en beklaenswaardig is nie, arm, blind en kaal.

Rev 3:18 Daarom raai Ek julle aan om by My goud te koop wat deur vuur gelouter is, sodat julle ryk kan word; en koop wit klere, sodat julle julle kan aantrek en julle skande, julle naaktheid, nie gesien word nie; en koop oogsalf om aan julle oë te smeer, sodat julle kan sien.

Rev 3:19 Ek bestraf en tug elkeen wat Ek liefhet. Laat dit dan vir julle erns wees en bekeer julle.

Rev 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My.

Rev 3:21 Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek saam met My op my troon laat sit, net soos Ek ook die oorwinning behaal het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.

Rev 3:22 Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê.

**Skriflesing:** Openbaring 3: 14-22Teks: **Openbaring 3: 14b-16**Sing: **VOORAF SANG – Ps. 36:2****TYDENS EREDIENS – Ps. 148:1; Ps. 119:6; Ps. 33:7,10; Sb.15-8 (44):3,4,5**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, met ons voorbereiding vir volgende Sondag se Nagmaal kom ons vandag in ons reeks uit Openbaring by die laaste van die 7 briewe wat aan verskillende gemeentes gerig was. Vandag se brief wys vir ons weereens dat Christus ken sy Kerk deur en deur.

Die kerk in Laodicea lyk weer so anders as die kerk in Filadelfia waar ons verlede Sondag was. Met die kerk in Filadelfia was daar mooi dinge aan die gebeur. In die wêreld se oë het die kerk in Filadelfia gelyk na 'n gemeente wat min krag het. Christus het vir hulle gesê Hy weet dat hulle min krag het, maar dan prys die Here hulle oor twee besondere dinge. Die klein gemeente het wel God se Woord bewaar, of soos die 1983 Vertaling dit stel, hulle het aan Christus se boodskap vasgehou. En nog 'n baie mooi eienskap wat in Filadelfia baie werd was, is die feit dat Christus hulle prys dat hulle sy Naam nie verloën het nie.

\*\*\*

Vandag die laaste gemeente wat ons by ons voorbereiding ook tot selfondersoek sal moet bring. Voorbereiding sonder behoorlike selfondersoek en bekering kan nie as voorbereiding beskou word as ek nie tot selfondersoek en bekering bereid is nie. Selfondersoek en bekering was in die

gemeente van Laodicea dringend noodsaaklik. In die rondgaan tussen die sewe kerke was hierdie seker die gemeente wat Johannes die swaarste gekry het om 'n rapport oor hulle saam te stel. Alles wat hier gesê word kom ook uit die mond van Christus wat in sy uitsprake oor sy Kerk nie doekies omdraai nie! Die kerk is sy eiendom en Christus ken die ware toedrag van sake en sal Hy oor die ware toedrag nooit stilbly nie. Hier is ons in hierdie gemeente van Laodicea baie gou deeglik bewus van hoe verskriklik verkeerd het dinge in hierdie gemeente uitgedraai.

As Christus in die eerste verse al sê: *So sê die Amen, die geloofwaardige en ware getuie, Hy deur wie God alles geskep het*, dan is Christus onmiddellik met sy Woord in Genesis 1 besig, maar onmiddellik laat Hy ook sy gemeente verstaan dis die Amen wat praat. Hy wat geskep het, is die Een wat praat, wat nou nog praat. Amen beteken in die oorspronklike dis waar en seker. Hierdeur sê Christus dat die kerk in Laodicea gaan duidelik die waarheid hoor en hulle mag nie vir die waarheid terugdeins nie. Christus was alreeds gewees toe God die wêreld geskape het, Christus was Self die Een deur Wie God alles geskep het. Christus, die Skeppingsmiddelaar kan getuienis gee oor die skepping van die hele wêreld, van al die planete, van die heelal, hoe sal Hy nie ook na behore oor hierdie gemeente sy getuienis baie duidelik maak nie?! Dis aangrypend planete in die gang van hulle wentelbane is vir God nie meer belangrik as hoe dit in sy Kerk gaan nie. Anders gesê God sal planete wil skuif dat dit net in sy Kerk beter mag gaan.

\*\*\*

Dit was vir Christus van die uiterste belang dat dit met sy kerk in Laodicea beter sal moet gaan want waar hulle hul vóór Christus bevind het, was hoegenaamd nie 'n goeie plek om te wees nie. As ons van 'n kerk lees wat Christus naar gemaak het, dan is dit alreeds verskriklik om net daaraan te dink, want in die Grieks is die woord wat verband hou met ek wil jou uit my mond spoeg in dieselfde woordveld van vomering, om op te gooi. Hier was 'n kerk wat Christus naar gemaak het. Hoe verskriklik as 'n Kerk by so 'n punt uitgekom het! Kom ons by vandag se voorbereiding by hierdie laaste van die sewe gemeentes eerstens mekaar afvra: wat was die verskriklike wat hierdie gemeente by so 'n laagtepunt in kerk-wees uitgebring het, dat God hulle wil uitspoeg? Tweedens – kom ons vra die vraag is daar dan geen verbetering, geen omkeer meer moontlik nie. Die laaste word die al meer dringende en indringende vraag hoe kan dinge wel anders wees en wat moet ons doen om dit anders te maak. Eerste dan:

**Wat bring 'n gemeente by so 'n laagtepunt dat hulle God naar gemaak het?!**

Verse 15-17 beskryf die hele slegte verloop: *15 Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle nie koud is nie, en ook nie warm nie. As julle tog maar koud of warm was! 16 Maar nou, omdat julle lou is, nie warm nie en ook nie koud nie, gaan Ek julle uit my mond uitspoeg.*

*17 Julle sê: "Ons is ryk, skatryk, en ons het niks meer nodig nie," en julle weet nie dat julle ellendig en beklaenswaardig is nie, arm, blind en kaal.* In Laodicea gebeur seker die verskriklikste wat in 'n kerk maar seker ook in 'n mens se eie geestelike lewe gebeur is wanneer jy heeltemal onder 'n wanindruk verkeer. Die waarheid wat ek as mens oor myself kan voorhou en die werklike waarheid hoe God sake sien wat in skrilte kontras met mekaar in spanning kom.

Hier het ons weereens die verskriklike stryd wat baie sterk aansluit by wat by 5 van die oorspronklike 7 gemeentes ook die geval was. Ons het vroeër in die reeks al gesê daar is in hierdie 7 gemeentes net 2 kerke, 2 gemeentes, Smirna en Filadelfia waar die mooi en goeie dinge in kerk-wees meer was as wat daar slegte dinge in daardie kerke was. In elke kerk is daar stryd maar in 5 van die 7 gemeentes was dit asof die slegte en swaar dinge in daardie mense se kerk-wees boonop meer was as wat daar goeie dinge was. In Efese praat Christus van mense wat hulle eerste liefde verlaat het, hulle het Christus nie meer so lief soos wat dit vroeër die geval was nie. In Efese het dit uitloop op 'n stryd tussen lig en duisternis, in Smirna waaroor God wel bly was, was daar wel ook 'n verskriklike stryd wat uitloop het 'n stryd tussen lewe en dood. In Pergamus was die stryd rondom die prediking, ja of die prediking nog werklik skeiding bring en skerp genoeg is om na weerskante te sny, soos wat die Woord van God 'n swaard is, weerskante skerp. In Thiatire was die stryd rondom Christus se koningskap, ja word Hy waarlik as Hoof oor sy kerk gedien en geëer. In Sardis was die stryd tussen slaap of wakker wees. Hoe maklik kan 'n kerk eintlik maar 'n slapende kerk word. Hulle is nie wakker nie, m.a.w. oor die dinge wat regtig geestelik daar verkeerd geloop het, het Christus hulle aan die slaap gevang. Die kerk vir wie die Here in Smirna gesê het, julle het die naam dat julle lewe maar julle is dood! Dit was reeds 'n swaar saak. In Filadelfia was die stryd om as kerk met jou min krag en middele wat min is, tog nog aan te gaan. Christus prys hulle oor hoe Filadelfia sy Woord bewaar het en Christus nie verloën het nie.

As ons vandag by Laodicea kom sou dit vir Christus baie swaar wees om hierdie gemeente te prys want hulle was 'n kerk wat hulleself so graag geprys het. Ons is ryk, ons het net die beste, niks wat by ons kan vergelyk word nie; ja die kerk in Laodicea het gedink hulle is die beste van al 7 die gemeentes by wie Christus was. Dan sê Christus julle wat so selfvoldaan is, julle besef nie hoe blind, ellendig en beklaenswaardig die kerklike situasie by julle is wat dink ons is so goed en wonderlik!

Inderdaad was daar in die stad Laodicea groot en indrukwekkende bedrywe, industrieë en besighede waarmee die wêreld om hulle baie beïndruk het. Hulle het groot banke gehad, wat die baie ryk mense hulle baie geld kon gaan bank. Hulle kleredrag was altyd deel van die nuutste modes. Die pragtigste, veral swart tekstiel kledingstukke is daar gemaak. Ook het hulle die wêreld om hulle bedien met 'n mediese skool wat veral bekend was vir 'n baie kosbare oogsalf wat daar vervaardig is. Mense het van ver gekom om die oogsalf in Laodicea te kom koop. Buiten dit was daar in die stad twee groot opelug teaters. Toe die teaters in 60nC deur 'n aardbewing platgevee was, was die stadsraad nie gepla nie. Hulle het op die stadium genoeg reserwe fondse gehad dat hulle die teaters dadelik weer opgebou het met die pragtigste marmer. So het hulle ook weer die hele stad opgebou.

Geografies is die stad ook baie interessant. Die stad was omtrent so 7 km van warm waterbronne geleë gewees. Baie van die water was vir daardie tyd met 'n netwerk van pype na die stad toe herlei. Hoogs gevorderd vir hulle tyd. Die oorsprong van die warm bronne kan egter nog verder teruggevoer word. So naastenby 20 km aan die oostekant van Laodicea is die stad Kolosse geleë, ons weet Paulus het sy brief Kolossense juis aan die gelowiges in Kolosse geskryf. Noord van Laodicea lê ook weer die stad Hierapolis waarvan Paulus ook in Kolossense skryf. In Hierapolis lê eintlik die oorsprong van die warm water waar 'n standhoudende vulkaniese fontein voortdurend warm water laat uitborrel met 'n sterk swawelinhoud. Die water smaak nie goed nie en as die water in die laagtes invloei waar dit dan later selfs met pype na Laodicea herlei was, dan was die water wat reeds sleg was, ook al baie afgekoel, dit was dan sulke lou water wat dit net nog slegter gemaak het. Om sulke lou water te moes drink met die onsmaaklike swawelinhoud ook daarin het mense naar gemaak. Hulle het dit uit hulle mond gespoeg.

As Jesus dan van sy kerk in Laodicea praat dan is die geografiese en hidrologiese werklikhede om die stad ingebou in die beelde wat Jesus hier oor sy kerk gebruik het. Julle wat dink julle is so ryk skatryk, kyk ons banke, julle weet nie dat julle eintlik baie arm is nie. Julle arme rykes. Julle wat in die wêreld voorloop met julle baie goeie oogsalf, eintlik is julle geestelik blind. Julle wat so mooi kan aantrek, die pragtigste uitrustings word in julle fabriek gemaak, julle klerekaste hang vol van hierdie pragtige klere, maar eintlik is julle geestelik naak. Broeder en suster en presies die water wat baie mense rondom Laodicea sou sê hierdie lou water kan ons darem nie drink nie, daar moet met die water baie gebeur vóór ons dit sal kan drink, dit sê Jesus van sy Kerk op hierdie plek - *Ek weet dat julle nie koud is nie, en ook nie warm nie. As julle tog maar koud of warm was! Maar nou, omdat julle lou is, nie warm nie en ook nie koud nie, gaan Ek julle uit my mond uitspoeg.*

Op hierdie Sondag as ons Jesus hierdie woorde oor sy kerk daar in Asië hoor sê dan kan ons mos nie anders as om ook te vra, op hierdie Sondag van ons voorbereiding vir Nagmaal, wat is die toestand van ons as kerk hier in Postmasburg. Het ons werklik die tragedie van 'n lou christendom vrygespring. Waar Jesus 'n kerk van Hom wil wegwerp, Hy wil hulle uitspoeg, hulle maak Hom naak, kan ons mos nie anders as om dit as 'n tragedie te sien nie. Is hierdie tragedie wel van ons verwyder of is dieselfde tragedie hier ook maar aan die afspeel. Dis 'n vraag wat u in u eie hart sal moet antwoord as u by die Here se tafel wil kom aansit. Laodicea het by so 'n laagtepunt gekom waar hulle God naak gemaak het, mag dit wees dat ons nie alreeds by daardie punt gekom het nie?! Dit bring ons dan ook by die tweede gedagte vandag as ons mekaar ook die vraag afvra:

***Is daar dan geen verbetering of omkeer in Laodicea meer moontlik gewees nie?***

As u uself vanoggend ook as lou, dalk selfs baie lou in u geloof tipeer, u lewe, u werke, u erediensbywoning, u dankoffer, ook dalk ons ampswerk as ouderlinge en diakens, alles bewys dit, dinge wat ek dalk kan probeer ontken, maar Jesus weet wat aangaan. Die ware toedrag ken Hy. Dis nie verniet dat by elke gemeente wat ons in die reeks nog by was dat van die eerste dinge wat Jesus elke keer sê - *EK KEN JOU EN EK KEN JOU WERKE ...* Ons het dit vandag ook weer gehoor - *Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle nie koud is nie, en ook nie warm nie. As julle tog maar koud of warm was!*

Vreemd dat Jesus 'n koue christen selfs bó 'n lou christen verkies?! Met die koue sendingveld en met mense wat die eerste keer nog met die evangelie bereik moet word, hulle is regtig koud, die warmte van God se genade en liefde en troos en omgee moet nog daar inkom, met so 'n mens het God meer geduld as met 'n mens wat al hierdie dinge al gehoor, ontvang, daarin deel kon kry, dit beleef het, maar intussen het hulle in die geloof so afgekoel dat hulle nou lou is. Dis vir God slegter as 'n koue geloof, louheid in die geloof is wat maak dat God 'n kerk wil uitspuug.

\*\*\*

Wanneer ons die erns hiervan besef dan kom die vraag nog weer dringender, maar is daar dan geen verandering of omkeer meer moontlik nie. Hoor wat God Self vir sy Kerk sê- in hierdie laagtepunt van God wat naar kon word, sê Hy vir hierdie gemeente: *Ek bestraf en tug elkeen wat Ek liefhet. Laat dit dan vir julle erns wees en bekeer julle.* God sê hierdie harde dinge juis omdat Hy ook vir sy kerk in Laodicea so lief is! *Ek bestraf en tug elkeen wat Ek liefhet ...* In die Grieks word die **EK** besonder benadruk. God maak dit duidelik dat die gemeente in Laodicea nooit aan die liefde van Christus mag twyfel nie.

In die liefde van Christus is vers 18 meer as net goddelike advies- Dit is 'n uitnodiging in die liefde van Christus geskryf- *18 Daarom raai Ek julle aan om by My goud te koop wat deur vuur gelouter is, sodat julle ryk kan word; en koop wit klere, sodat julle julle kan aantrek en julle skande, julle naaktheid, nie gesien word nie; en koop oogsalf om aan julle oë te smeer, sodat julle kan sien.* Duidelik sien ons Christus sluit weer so duidelik aan by die industrieë en fabriekes en dit waarmee Laodicea so selfvoldaan hulleself wou ophemel maar koop salf by God beter as die salf by julle mediese skool. Dan kan julle geestelik sien wat baie beter sig beteken as net dit wat my gewone oë my kan laat sien. Dis die tipe oë wat ek by volgende Sondag se Nagmaal ook nodig het om verby die gewone brood en wyn te kyk. Koop wit klere, ja sê Christus julle florerende tekstielbedryf waar die mooiste klere uit swart wol geweef kon word, is goed en mooi, maar in Christus trek ons wit klere aan, wat nie soseer gaan oor die kleur nie, maar om in Christus gereinig te wees. Die wit dui op hoe ons in Christus gereinig is van al ons sondes wat die Nagmaal ook sy betekenis gee. Ons moet hierdie wit klere wil aantrek om ons skande en naaktheid te bedek. Ons het in Christus so nodig dat ons sondes bedek moet word. En waar Laodicea so op hulle stoflike rykdom en banke wou roem is Christus se advies, koop veel eerder die goud van die evangelie, die kosbare van God se waarheid, deur vuur gelouter, wat werklik

geestelike rykdom beteken, want stoflike rykdom beteken inderdaad op die einde niks, ja niks as jy en ek nie ook geestelik in Christus ryk is nie. So maak die Here die vraag by ons tweede gedagte baie duidelik, dat daar is nog omkeer moontlik. Verandering wat dui op bekering is moontlik, al het 'n gemeente by so 'n laagtepunt gekom soos wat in Laodicea die geval was. Dit bring ons by ons laaste gedagte vandag wat eintlik baie nou aansluit by die voorafgaande as ons in die laaste plek dan ook vra:

**Hoe kan dinge wel anders wees en wat moet ons doen om dit anders te maak?**

God staan by die deur van sy kerk, ja moet dit nie soos die Arminiane en charismata verklaar dat God by my hart wil inkom en nou moet ek Hom tog net toelaat dat Hy daar kan inkom. Hier staan duidelik dat God staan by die deur van sy Kerk in Laodicea, Hy klop baie hard aan daardie kerkdeur. Dis hoe dinge anders kan wees as ek bereid is om na die geklop aan die deur te luister.

Hoe klop God is dan seker ook die vraag. Is dit 'n verleë klop waarin Hy dan nou moet soebat om in te kom? Hoegenaamd nie! Nee dit wat gebeur as sy Woord verkondig word, as die sakramente bedien word, as die kerklike tug na behore toegepas word, nie so flouierig en eintlik halfhartig soos wat in die laaste tye in kerke met die tug omgegaan word. Ons gemeente ook ingesluit. Die feit dat hier nie lidmate formeel onder die tug geplaas word nie, al is dit duidelik hier is heelwat lidmate wat lankal reeds getugtig moet word, is 'n vingerwysing na ons ouderlinge of ons werklik genoeg erns maak met die hantering van die sleutels van die hemelryk wat aan ons sorg toevertrou is. Nou is dit ook so as huisbesoeke en vermaning deur ons ouderlinge nie deurlopend en met die nodige erns plaasvind nie dan is dit 'n struikelblok in die toepassing van die tug. Die regerende ouderling wat nog nooit enige tugsak in sy roeping moes hanteer nie, moet homself ernstig die vraag afvra wat gaan ek God antwoord as God sê dat Hy wel Een is wat tug en sal bly tugtig. *Ek bestraf en tug elkeen wat Ek lief het ...*

Die kerklike tug mag ook op geen ander wyse toegepas word as dat ons in liefde moet tug nie. Tug gaan om die sonde uit te roei sonder om die sondaar te verloor. In vandag se dae, die oomblik as tug begin toegepas word dan bedank die sondaarmens so maklik die kerk, so asof 'n mens dit kan regkry om die kerk te bedank. Daardie deel moet sulke mense hulle maar eendag vóór Christus verantwoord! Jy is of deel van Christus se liggaam of jy is daarbuite. Ek verstaan nie hoe die arm vir die been kan wys ek bedank nou nie, tensy die arm geamputeer word dan is

dit reeds afgesny. Dis dan nie 'n kwessie van bedanking nie, dit gaan om afsnyding, wat in 'n kerk ook moet gebeur as daar geen bekering is nie!

Geliefdes, dis die erns waarmee ons in die gemeente en in elke gemeente van Christus moet handel as ons werklik wil hê dat dinge moet verander dat dit weer anders kan wees. Ons ouderlinge sal oor die toepassing en uitoefening van die tug onself moet kan verantwoord dat hoekom gebeur dit nie?!

Ons kan tog nie dit wat God vandag vir Laodicea sê – Ek gaan julle uitspoeg anders as 'n vorm van tug-handeling beskou nie. Dis tug in sy volmaakte vorm wat gebeur as God die Een is wat tug! God verwag van sy ouderlinge dat hulle ook moet kan tug anders is hulle die naam ouderling nie werd nie.

Geliefdes, so het ons by vandag se voorbereiding gekom by die laaste van Christus se besoeke en uitsprake by die sewe gemeentes wat nie lukraak sewe losstaande gemeentes was nie. Christus bind ook kerke in verhoudinge met mekaar soos wat hulle aan Hom verbind moet wees. Dit wat ons 'n kerkverband noem. Ons besef ook dit is nie sewe gemeentes lank terug en dinge het nou so verander dat Christus sal ons as kerk vandag met ander oë moet beoordeel nie. Daar bestaan nie so iets nie. Hierdie sewe kerke besef ons dien as simbool van God se ganse Kerk op aarde. Die kerk van alle tye, volke en geslagte. Van Efese tot Laodicea waar ons vandag was, is daar omstandighede en uitsprake wat ons goed na moet kyk en mooi na moet luister want dit is presies wat God vandag ook vir sy kerk hier op aarde wil sê. Elke brief het mos geëindig met die uitspraak - *22 Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê*. Wat God vir daardie sewe gemeentes gesê het verskil niks van wat God vandag ook vir hierdie Kerk in Postmasburg sê nie. Ons moet kan antwoord is ons as Kerk anders as die kerk in Laodicea wat 'n lou kerk geword het.

Mag dit só wees, as dit nie so is nie, besef ons werklik die uitgespelde, kan ek ook sê die uitgespoegde gevolg. Een kan hom/haar dit eintlik moeilik indink maar dit is wat God sê Hy sal doen? Die God wat sê Hy het lief, maar sy liefde kom juis in sy tugtiging tot openbaring! Met die voorbereiding wat daar in jou hart en by jou huis moet plaasvind sal ons op die erns van die



waarskuwing aan die laaste van die 7 gemeentes moet kan antwoord voordat ons by volgende  
Sondag se Nagmaal sal kan aansit.

AMEN